BINNELANDSE TOER NA TSHIPISE IN 2014

Ons reis met die Shosholoza Meyl vanaf Kaapstad na Johannesburg met ons motor agter in 'n trok op die trein. Ons ontmoet baie vriendelike egpaar, Bertus Vos en sy vrou van Stellenbosch en ons kuier gereeld saam met hulle tydens etes in die eetsalon. Ons kry ons motor op Johannesburg stasie en gaan kuier by Robbie en Maude in Tshipise, waar hulle gekamp het. Ons kuier saam met hulle daar by die warmwaterbron oord.

Vandaar gaan ons na die Kruger Wildtuin toe, via die Pafuri hek, noord van die Luvuvhu rivier, waar Maude as kind grootgeword het. Die Luvuvhu rivier vloei saam met die Limpoporivier by Crooks Corner, waar die grense van Suid Afrika, Zimbabwe en Mosambiek bymekaarkom. Ons het by Punda Maria oorgeslaap, die eerste kamp wat ek as kind saam met my ouers op ons eerste Kruger Wildtuin toer, besoek het as laerskoolkind. Ek het van die gerestoureerde ou akkommodasie skakelkamers van destyds herken.

Vanaf Tshipise het ons ook Robbie en Maude se oudste seun se vrou (Zettie) se broer Johan, se wildsplaas langs Sandrivier besoek en 'n nag of twee daar oorgebly.

Die Sandrivier vanaf die Lodge op die wildsplaas

Robbie, Maude en Johanna

Oop buite kroeg en kuierplek

Spinnekop nes in die lang gras !

Ons kuier saans lekker in 'n toegeboude lapa

Ons sien Maude nog gereeld met haar besoeke aan ons by Groenkloof Reebok. Sien later ons besoeke tydens ons verblyf by Groenkloof Reebok tussen 2015 e 2018. Ons sou haar gedurende Augustus en September 2018 in Limpopo besoek het, maar sy toe word sy siek met longontsteking wat haar in die Centurion Netcare se hospitaal se Intensiewe Eenheid op 'n ventilator laat beland het. Ook Johanna se rugprobleem het veroorsaak dat ons nie daardie planne kon uitvoer nie. Maude het ons wel later in Oktober 2018 vir 'n week of wat, na Johanna se eerste rugoperasie besoek, maar dit was nie dieselfde nie. Dinge het nie aan die einde van 2018 vir ons uitgewerk nie ! Ons hoop 2019 gaan beter wees

Terug na Inhoudsopgawe